

ds. PJ Kriel

27.10.2024

Inhoud En ons as gelowiges weet hoe dit voel want dit is hoe Jesus Christus ons Here is – in sy barmhartige en ontfermende liefde beklee Hy my met sy heiligheid en regverdigheid as mens om vir God se liefde reg en volkome te wees. Dit waartoe ek self vir die res van my lewe totaal magteloos en hulpeloos is. Omdat ons weet hoe dit voel om in magteloosheid en hulpeloosheid innige ontfermende liefde te ontvang, kan ons mense ook só raaksien en só liefhê. Wanneer jy met jou eie liefde jouself vir God reg maak en jouself só bemagtig om die ewige te kry, kan jy nie ander mense só raaksien en liefhê nie – hulpelose sondaars wat innige ontfermende liefde nodig het.

Skriflesing Lukas 10: 22 – 23, 25 – 36; Luk 1: 67 – 75.

Teksters Luk. 10: ³⁶: “Wie was ‘n naaste ...? Die een wat ontferming betoon het.”

Tema: Christus maak ons met sy barmhartige liefde elke mense se naaste.

1. Selfgeregverdigte liefde teenoor barmhartige liefde! Dit is die verskil tussen Joodse liefde en die liefde waartoe Jesus Christus gelowiges verbind.

Dit is wat die Here Jesus met die gelykenis van die barmhartige Samaritaan openbaar. Gelowiges se barmhartige liefde maak hulle naby-mense. Mense wat ander mense se naaste is omdat hulle vir hulle naby-mense is. Jode se selfregverdigende liefde vervreem hulle van mense en maak hulle ver-mense.

Hierdie gesprek van die Here met ‘n wetkenner volg presies dieselfde patroon as die Here se gesprek met die ryk invloedryke man in Luk. 18: 18 – 30: a. Al twee gesprekke begin met die vraag wat mense moet doen om die ewige lewe te beërwe. b. Dan is die antwoord op hierdie vraag dat jy die Here God moet liefhê met jou hele hart, hele siel, hele verstand en al jou kragte en jou naaste moet jy liefhê soos jouself. c. Dan wys die Here dat dit nie die bedoeling van liefde is om die ewige lewe te beërwe nie, maar net om lief te hê. d. Vir die ryk man wys die Here dat vir sy liefde daar nie beloning of straf is nie, maar dat wie Hom volg God lief het net omdat Hy God is. Vir die wetkenner wys die Here dat liefde bedoel is om deur barmhartigheid jou medemens se naaste te wees. Liefde is nie bedoel om die ewige lewe te beërwe nie.

Die wetkenner se liefde is selfregverdigende liefde. Hy wil deur sy liefde vir God en sy naaste homself regverdig om die ewige lewe te kry.

Die Here antwoord die wetkenner se verklaring dat jy die ewige lewe deur liefde vir God en jou naaste kry – met ironie: “Doen dit en jy sal lewe.” Bedoelende as jy dit regkry om God en jou naaste volgens God se wet lief te hê, sal jy lewe. Die Here se ironiese antwoord ontbloot die wetkenner se selfregverdigende houding – want hy het die vaste oortuiging dat hy dit kan reg doen. Net soos met die ryk man soek hierdie wetkenner by die Here die bevestiging dat hy in sy opvatting dat liefde jou red, reg is.

2. Met sy selfregverdigende geloof wil die wetkenner homself ook oor sy naaste liefde teenoor die Here regverdig: “Maar hy wou homself regverdig, en het toe vir Jesus gevra: “En wie is my naaste.” (Luk. 10: 29)

Ons mag nie die vraag verkeerd verstaan asof dit bedoel om te weet watter mense is my mede-mense nie. Die vraag gaan oor wie my naaste is, nie wie my medemens is nie. Die antwoord wat die Here op die selfregverdigende houding van die wetkenner moes gegee het moes gewees het: “Die mense wat God en hul naaste net so goed en reg soos ek liefhet. Mense wat net soos ek dit regkry om gered te word deur ons liefde vir God en ons naaste volgens die wet van God. Ons is mekaar se naaste.”

Teenoor die verwagting dat die Here hierdie houding sou bevestig, vertel die Here dan die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Ons mag nie die gelykenis verpolitiseer nie. Die kontras tussen ‘n Leviet, ‘n priester en Samaritaan is nie bedoel as ‘n rasse of klasse onderskeid nie. So asof die gelykenis dan oor klasvrye of raslose liefde sou gaan nie. Dit gaan ook nie oor die verskil tussen die Samaritaanse godsdiens en die Joodse godsdiens nie. Die Samaritaanse godsdiens wat net so selfregverdigend as die Joodse godsdiens.

In hierdie gelykenis is die Samaritaan die sondaar soos hulle in die Joodse godsdiens as sondaars verag is. Daarom beteken “barmhartige Samaritaan” in ons taal vandag “barmhartige sondaar.” En dit is die enigste punt van vergelyking in die Here se antwoord op die vraag wie jou naaste is. Die antwoord op die vraag wie jou naaste is, is dat jy as sondaar iemand se naaste is deur jou ontfermende, barmhartige liefde.

3. Liefde gaan oor die innerlike meelewing dat “ek sien en weet hoe jy voel.” Dit is die innerlike meelewing van die barmhartige Samaritaan met die man wat langs die pad lê – hy het innig jammer vir hom gevoel. Hy

Christus maak ons met sy barmhartige liefde elke mense se naaste

het gesien hy is oorval, geslaan, naak en halfdood en het sy pyn, verlatenheid en verwesenheid gevoel. Hy het gesien en gevoel dat hy niks vir homself kan doen nie. Hy het sy magteloosheid en hulpeloosheid gesien en gevoel.

Barmhartige, ontfermende liefde sien hulpeloosheid en weet hoe dit voel om so magteloos te wees dat jy niks vir jouself kan doen nie. Daarom, wie barmhartige liefde gee, is mense se naaste. Die naaste wat jy aan 'n ander mense kan wees is deur barmhartige liefde. Wie maak asof hulle die naaste is met mense wat soos hulleself God reg liefhet en wie net soos hulle God se liefde kry deur hulle vroomheid – is die verste weg van mense. Hulle kan nie mense se naaste wees net soos die Leviet en priester nie vir die gebroke man 'n naaste kon wees nie.

Hoe word ons mense met barmhartige liefde?

Deur mense te wees wat gelukkig is om te sien wie die Here vir hulle is. (Luk. 10: 23) Mense vir wie die Here hulle verstand verlig om Hom as die barmhartige Here te kan sien: die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood uit opstaan sodat só sondaars vergewe kan word. (Luk 24: 45, 46)

Sagaria, Johannes die Doper se pa, het hierdie barmhartige liefde van God vir sondaar so bely: a. God het vir ons 'n kragtige Verlosser gegee. b. 'n Verlosser wat ons vergewe deur sy ontfermende liefde. c. Wat deur sy innige ontferming, mense wat totaal magteloos en hulpeloos is om vir God se liefde reg en heilig te wees, hulle vir God se liefde heilig en regverdig maak. (Luk. 1: 67 – 75.)

Dit is hoe God vir ons naby God is, God met ons is, deur sy innige ontferming oor my wat nooit in en uit myself vir sy liefde reg en heilig kan wees nie.

4. Kom ons vra weer, hoe word ons mense met ontfermende, barmhartige liefde waarin ons vir ons naaste naby is? As ek weet hoe dit voel! As ek weet hoe voel dit om totaal magteloos en hulpeloos te wees om iets vir myself te kan doen en in hierdie magteloosheid ek met innige ontfermende liefde versorg word!

En ons as gelowiges weet hoe dit voel want dit is hoe Jesus Christus ons Here is – in sy barmhartige en ontfermende liefde beklee Hy my met sy heiligheid en regverdigheid as mens om vir God se liefde reg en

Christus maak ons met sy barmhartige liefde elke mense se naaste

volkome te wees. Dit waartoe ek self vir die res van my lewe totaal magteloos en hulpeloos is.

Omdat ons weet hoe dit voel om in magteloosheid en hulpeloosheid innige ontfermende liefde te ontvang, kan ons mense ook só raaksien en só liefhê.

Wanneer jy met jou eie liefde jouself vir God reg maak en jouself só bemagtig om die ewige te kry, kan jy nie ander mense só raaksien en liefhê nie – hulpelose sondaars wat innige ontfermende liefde nodig het.

Dan sien jy mense só: my geesgenote wat God net so liefhet en met God net so intiem persoonlike verhouding het soos ek, is my naby mense, hulle is my naaste. In hierdie selfgeregverdigte liefde is almal wat hulle saak met God self reg gemaak het, mekaar se naastes. Met hierdie selfgeregverdigte liefde sien hulle sondaars as mense wat nog hulle saak met God moet regkry en regmaak soos hulle hul saak met die Here self reg gemaak het. In hierdie selfgeregverdigte liefde is sondaars vir hulle ver-mense.

Hoe regverdig hierdie geestelikes hulle spirituele liefde asof dit Bybelse liefde vir hulle naaste is? Hulle doen dit met maatskaplike uitreike en sosiale gemeenskapsdiens, net soos super ryk internasionale maatskappy hulle selfverryking as tot voordeel van ander mense bemark. Só help hierdie geestelikes armes, hongeriges en veg vir die regte van minderheidsgroepe om te wys hulle saak met God is reg en hulle sal jou wys hoe om om net so intiem persoonlike spirituele verhouding met God te kan hê soos hulle. So masker hulle hul selfregverdigende liefde as naaste liefde.

5. Gelowiges is barmhartige sondaars vir magtelose sondaars. So is gelowiges naby-mense vir hulle naaste en hierdie naaste is nie net 'n groep minderbevoorregtes iewers ver van jou af nie.

Vir wie is gelowiges barmhartige sondaars? Dit is wie gelowige ouers vir hulle kinders is! Dit is 'n gelowige ouer wat sy of haar kind sien en innig jammer kry as 'n kind wat magteloos en hulpeloos in sonde versukkeld is. Dit omdat 'n ouer hom of haarself ook ken as 'n magtelose en hulpelose sondaar wat van die Here ontferming en barmhartigheid ontvang om ten spyte van sonde en sondigheid. So sien en aanvaar gelowige ouers hul kinders met ontfermende liefde as kinders wat vir God reg en heilig bly, ten spyte van hul sondes. Ouers wat barmhartige liefde aan hul kinders bewys, is naby-ouers vir hul kinders.

Ouers met selfregverdigende liefde is vir hul kinders ver-ouers. Want hulle eis dat kinders hul self en hul saak met God moet reg kry net soos hulle dit as ouers self gedoen het. Dit is ouers met die visie dat hul kinders hul self vir God en ouers se liefde moet reg en volkome maak. Sulke ouers is nie meer barmhartige sondaars vir hul sondaar kinders nie. Sulke ouers het hul kinders uit hul eie kring van spirituele naby-mense vervreem en leef met die verwagting dat hul kinders ook met selfregverdigende liefde sal word wat hulle met hul bekerings en oorgawes geword het. So lank as wat kinders magteloos en hulpeloos in sonde versukkeld is, bly hulle vir spirituele ouers ver en vervreemde kinders. Hulle kan nie vir sulke kinders naby-ouers wees nie.

Net so is gelowiges vir mekaar as eggenote barmhartige sondaars wat ontfermende liefde bewys vir 'n eggenoot wat hulpeloos is met hul sondigheid. En net so is gelowiges kinders barmhartige sondaars wat aan hul sukkelende ouers ontfermende liefde bewys.

So is gelowiges vir alle mense barmhartige sondaars met ontfermende liefde.

6. Wat het in die kerk verlore geraak met al die besondere spirituele belewenisse wat mense met God het?

Met al hierdie spirituele belewenisse van God vertel hierdie geestelikes vir ons hoe naby hulle aan God gekom het deur hulle bekerings en oorgawes. Hoe innige persoonlike verhouding hulle met God het nadat hulle God in hulle lewe ingenooi het en God op die troon van hulle harte gesit het. Hoe intiem hulle God beleef met meditasie waarin hulle hulself vir God niks maak sodat God alles wat Hy as God is binne en deur hulle kan wees. Hoe God die wêreld deur hulle liefde verander en hoe hulle God vir ander mense teenwoordig maak deur hul innigheid.

Wat in hierdie selfregverdigende liefdes en innighede met God verlore geraak het, is barmhartige sondaars! Sondaars wat weet hoe dit voel om in eie magteloosheid God se ontfermende liefde te ontvang.

Met hierdie spirituele belewenisse van God het hierdie geestelikes mense vir gewone sondaars ver-mense geword. Hulle vertoon van God se liefde in en deur hulle wys jou dat jy 'n ver-mens is wat net soos hulle naby God kan kom deur al die selfregverdigende liefdes waarmee hulle besig is.

Christus maak ons met sy barmhartige liefde elke mense se naaste

Hulle maak barmhartige liefde vir sondaars van sondaars wat ontfermende liefde van God ontvang, 'n verlore saak in die kerk. In hulle innighede met jou moet jy die vernedering ervaar dat jy vir God en mense 'n ver-mens is omdat jy nog nie soos hulle God se naby-mense is nie.

In die kerk van die Here is mense sondaars wat ontferming ontvang – die ontferming dat God jou vir sy liefde reg maak en heilig, nie met liefde verneder nie. Daarom is gelowiges barmhartige sondaars vir magtelose sondaars – ons sien en weet hoe dit voel om magteloos in onself te wees om reg en heilig vir Gods se liefde te wees te wees, en ons sien en weet hoe dit is om van God 'n ontfermende liefde te ontvang wat ons nogtans vir sy liefde reg maak en heilig.